

Ontmoeting 10

ISAK EN REBEKKA

Teks: Genesis 23

Hulpmiddels:

- Blomme vir verwelkoming
- Ou klere, lappe, serpe en goedkoop juwele
- 2 handpoppe
- Kardoessakkies, ou sokkies, knope, krale, lappies, ens. om handpoppe mee te maak
- Krale en koord om juwele te maak



WELKOM

Ontvang die kinders by die deur met een van die volgende:

- ◇ Papierblom
- ◇ Blommekrans
- ◇ Skouerruiker
- ◇ Regte blom

Sê vir elkeen: "Die Here sien jou raak."

Sing die "Welkom"-liedjie.

Skattejag:

Versteek ou klere, lappe, serpe en juwele (goedkoop juwele). Gee die kinders 5 minute om dit te vind. Sit alles bymekaar. Laat die kinders gaan sit. Hou die items een vir een op en laat hulle kies of dit op die "wow"-hopie of "On no!"-hopie moet kom. Hulle kan "wow" skree en duime op wys of "oh no!" skree met duime af. Roep 'n dogter vorentoe, verkieslik een van die ouer meisies. (Ons gaan haar later in die rol van Rebekka gebruik.) Sy kan dan uit die "wow"-hopie klere en juwele kies waarmee sy haar mooi kan aantrek.



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvaders Abraham en Isak. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Gebruik 2 handpoppe. Twee verskillende sokkies met ogies van knope of gekoopte ogies en wol vir hare sal reg wees. Of gebruik wat julle het. Dit kan ook as 'n poppekas aangebied word. Die een is die verteller - hy sal oulik lyk met 'n bril (somer van draad of pypskoonmaker). Maak die ander een meer kleurvol. Hy of sy gaan die verteller onderbreek met vragies. Gee self vir hulle name of as jy lus het, noem die verteller Karel en sy maat Sarel.

'n Bybelse Liefdesverhaal

Karel: *Ek is Karel. Ek was so nuuskierig om te weet wat van Isak geword het. Ek het gehoor julle weet wie Isak is.*

Sarel: *O ek weet, ek weet. My oupa se naam is Isak.*



Karel: *Nee man, Sarel. Kom vra die kinders. Hulle het geleer wie Isak is. Kinders, kan julle vir Sarel van die Bybelse Isak vertel?*

(Gee die kinders 'n kans.)

Sarel: *Ag moeder!! Dis so 'n mooi storie... Isak die wonderbaba.*

Karel: *Ja, Sarel ... dis soos jy daar sê. Maar babas word groot en ek het Isak se storie gisteraand in my Bybel gelees. 3 maal.*

Sarel: *Ai, jy's darem so slim.*

Karel: *Ek is baie bly dat die Here my gehelp het om goed te kan lees, want nou kan ek vir julle die verhaal verder vertel. "Isak het grootgeword. Hy was nou 'n jongman. Sy ma, Sara, is oorlede en nadat hy en sy pa, Abraham, haar begrawe het, was hy baie hartseer en alleen."*

Sarel: *Dit sal help as ons vir hom 'n hond gee ...*

Karel: *Sjuut, jy maak ons deurmekaar. "Abraham het geweet dat dit nou tyd is dat sy seun 'n vrou moet kry. Hy roep toe sy slaaf en sê: "Belowe my jy sal sorg dat my seun met 'n goeie vrou trou. Gaan soek vir Isak 'n vrou in die land waar ek gebore is."*

Sarel: *Wat was fout met die meisies in sy land?*

Karel: *Hulle het afgode aanbid. Die slaaf het verstaan dat Isak 'n goeie vrou, wat lief is vir die Here, moes kry. Maar hoe sal hy die regte vrou vind?*

Sarel: *Boer soek 'n vrou?*

Karel: *Gelukkig was die slaaf baie slimmer as jy, Sareltjie. Hy het gebid. Nie geraai nie, nie geadverteer nie, hy het net op God vertrou. Hy het gereis na die land waarvan Abraham gepraat het en daar by 'n fontein gaan sit en bid. Juffrou 'Marietjie', lees asseblief vir ons die mooi gebed in Gen 24:12-14.*

(Leidster lees gedeelte.)

Karel: *Die slaaf het die Here vertrou dat die regte meisie met hom sal praat. Dit gebeur toe so: Terwyl hy nog bid, kom Rebekka daar aan. Sy was baie mooi, gaaf, goed, vriendelik en hulpvaardig...*

Sarel: *... en ken sy die Here?*

Karel: *Ja, haar pa was familie van Abraham en hulle hele gesin het die Here gedien. Maar onthou, die slaaf het haar nie geken nie. Daarom moes hy eers vra dat sy vir hom water gee sodat die Here vir hom kon wys of sy die regte meisie is.*

Sarel: *... en sê nou sy was die verkeerde meisie?*

Karel: *Nee man, Sarel, jy maak ons nou net deurmekaar. Luister na die storie. Die slaaf vra toe vir Rebekka water en sy is so vriendelik dat sy dadelik vir hom water gee en sommer self sê dat sy vir die kamele ook sal water gee. Die slaaf het stil sit en kyk hoe Rebekka water aandra en gedink aan sy gebed. Hy was so verbaas dat die Here dit alles so perfek laat uitwerk. Toe die kamele klaar gedrink het, het die man opgestaan en vir Rebekka 'n klomp goue ringe en armband gegee. Hy vra toe vir Re-bekka wie haar pa is en toe hy hoor dis die familie van Abraham na wie hy soek, het hy... hoor nou net... het hy gekniel en die Here geloof.*

Sarel: *Kan ek iets sê?*

Karel: *Ja, Sarel?*

Sarel: *Ek het gewonder: Rebekka moes al lankal op pad gewees het na die fontein toe nog voor die man gaan sit en bid het.*

Karel: *Jy is reg. Die Here weet alles en niks is vir Hom te moeilik nie. Ek het netnou 'n mooi meisie hier gesien. Een wat amper soos Rebekka lyk.*

(Laat die dogter wat opgemaak is soos Rebekka, nader staan.)

Sarel: *Ek sien haar... ek sien haar!! Daar is sy.*

Karel: *Sal jy asb hier kom staan, dan help jy ons met die storie? Rebekka het huis toe gehardloop. Haar broer, Laban, wou weet waar kry sy al die goue juwele. Laban hardloop toe na die fontein om die slaaf te ontmoet.*

Sarel: *Het hulle Red Bull gedrink dat hulle so rondhardloop?*

Karel: *Nooit nie, Sarel! Die Here was besig om spesiale dinge te laat gebeur en dit het hulle so opgewonde gemaak.*

Sarel: *Ek wil ook hardloop... maar dis my geheim. Jy sal nie kan raai waarheen nie.*

Karel: *Jy wil net nader aan die mooi meisie wees. Ek weet. Rebekka was 'n baie goeie meisie en sy wou graag doen wat die Here wil hê. Sy het mooi geluister na alles wat die slaaf vertel het. Sy het gehoor dat hy gebid het en dat alles gebeur het soos hy vir die Here gevra het. Haar broer het gesê sy moet kies of sy saam met die slaaf wil gaan. Sy het "Ja" gesê.*

Sarel: (Probeer die dogter gryp. Knyp vas aan haar klere en roep:) *Moenie gaan nie, bly hier!!... Bly hier!!*

Karel: *Sarel, jy moet hoor wat het haar broer gedoen.*

Sarel: *Wat?*

Karel: *Hy het haar geseën en haar net die beste toegewens. Rebekka het saam met die slaaf vertrek ...*

Sarel: *... seker op 'n kameel se rug. Op en af, op en af oor die duin. (Laat Sarel oordrewe bewegings maak om dit te illustreer.)*

Karel: *Dis reg. Hulle het gereis en toe hul naby Isak se blyplek kom, kom Isak na hulle toe aan. Rebekka het van die kameel afgespring en gevra: "Wie is daardie man?" Sy het 'n sluier oor haar gesig getrek toe sy hoor dis Isak.*

Sarel: *'n Slui... wat?*

Karel: *'n Sluier... dis 'n sagte lap wat sy oor haar gesig trek.*

Sarel: *... Siestoggies.*

Karel: *Nee, niks van siestog nie. Dis wat goeie meisies in daardie tyd gedoen het!! Isak het dadelik van Rebekka gehou. Hulle is kort daarna getroud en Isak was baie lief vir haar.*

Sarel: *Staan dit in die Bybel?*

Karel: *Ja... net so. Isak het haar liefgehad.*

Sarel: *So hulle het lank en gelukkig saamgewoon...*

Karel: *Happily ever after...*

Sarel: (Gee 'n diep harde sug.)

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of jy geweet het God wil hê mans en vroue moet baie gelukkig getroud wees.

2. Ek wonder hoe voel God as mans en vroue lelik is met mekaar.
3. Ek wonder of kinders kan bid dat hulle eendag die regte man/vrou sal kry.



WERSKAF

- ♦ Teken wat jy graag wil uit die verhaal.
- ♦ Maak jou eie sokkie- of kardoessakpoppe om die verhaal mee uit te speel.
- ♦ Maak juwele. Kry koord en plastiek krale.
- ♦ Groter kinders kan selfs hul eie gebed skryf waarin hulle vir die Here vra om hulle te help om eendag die regte lewensmaat te vind.

Sluit af met die seënbede.

